kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Lukas 15:11-32 (1953)

[20] En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. En toe hy nog
ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom
gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen.
[21] En die seun sê vir hom: Vader, ek het gesondig teen die
hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem
te word nie.
[22] Maar die vader sê vir sy diensknegte: Bring die beste
kleed en trek hom dit aan, en gee ’n ring vir sy hand en
skoene vir sy voete.
[23] En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet
en vrolik wees.
[24] Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig
geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin
vrolik word.
[25] En sy oudste seun was in die veld, en terwyl hy al nader
na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange.
[26] En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat
dit beteken.
[27] Dié sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die
vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry
het.
[28] En hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie. Sy
vader gaan toe uit en smeek hom.
[29] Maar hy antwoord en sê vir sy vader: Kyk, ek dien u so
baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u
nooit ’n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik
kon wees nie.
[30] Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere
deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag.
[31] Toe sê hy vir hom: Kind, jy is altyd by my, en al wat
myne is, is joue.
[32] Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van
jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was
verlore en is gevind.

Tema: Selfinsig en Berekend

Broodjies vir die Pad

Why does Jesus eat with sinners? Because that's what God is like. He's good and gracious. He loves without conditions or limits. He's full of compassion for us in the midst of our brokenness. He pays a full day's wages for one hour of work.

But watch out for the religiously righteous. They can be like the elder brother who resented his father’s lavish grace, or like Jonah who complained when the Ninevites repented and God forgave them. Many people, Jesus warns us in another parable, are “confident of their own righteousness and look down on everybody else.” Some people have a need to be right, and to be seen as being right.

http://www.journeywithjesus.net

Gautama Christ

The names of God and especially those of His representative
Who is called Jesus or Christ according to holy books and someone's mouth
These names have been used, worn out and left
On the shores of rivers of of human lives
Like the empty shells of a mollusk.
However when we touch these sacred but exhausted
Names, these wounded scattered petals
Which have come out of the oceans of love and fear
Something still remains, a sip of water,
A rainbow footprint that still shimmers in the light.
While the names of God were used
By the best and the worst, by the clean and the dirty
By the white and the black, by bloody murderers
And by victims flaming gold with napalm
While Nixon with his hands
Of Cain blessed those whom he condemned to death,
While fewer and fewer divine footprints were found on the beach
People began to study colors,
The future of honey, the sign of uranium
They looked with anxiety and hope for the possibilities
Of killing themselves or not killing themselves, of organizing themselves into a fabric
Of going further on, of breaking through limits without stopping

What we came across in these blood thirsty times
With their smoke of burning trash, their dead ashes
As we weren't able to stop looking
We often stopped to look at the names of God
We lifted them with tenderness because they reminded us
Of our ancestors, of the first people, those who said the prayers
Those who discovered the hymn that united them in misfortune
And now seeing the empty fragments which sheltered those ancient people
We feel those smooth substances,
Worn out and used up by good and by evil.

Pablo Neruda

Pablo Neruda was the pen name and, later, legal name of the Chilean poet and politician Neftalí Ricardo Reyes Basoalto. He chose his pen name after Czech poet Jan Neruda. Neruda wrote in a variety of styles such as erotically charged love poems as in his collection Twenty Poems of Love and a Song of Despair, surrealist poems, historical epics, and overtly political manifestos. In 1971 Neruda won the Nobel Prize for Literature. Colombian novelist Gabriel García Márquez once called him "the greatest poet of the

20th century in any language." Neruda always wrote in green ink as it was his personal color of hope.

http://www.poemhunter.com/pablo-neruda

◆◆◆

"…iets oor Billike Kritiek"

deur Nico Koopman

Onlangs moedig 'n doktorale student my aan om met vrymoedigheid haar werk krities te beoordeel. Kritiek, sê sy, is die mooiste vorm van vleitaal.

Kritiek sê jy is ernstig oor my, oor my werk, oor my welwees, oor my toekoms. Dat jy my kritiseer, sê jy wil sien ek moet verander, verbeter en blom. Kritiek wil jou nie tot niet maak nie, maar wil jou nuut maak.

Met hierdie edel motief spreek kerke op profetiese wyse selfkritiek en openbare kritiek uit. En met hierdie geloof aan die vernuwende en helende werking van kritiek stel kerke hulle ook oop vir kritiek van binne en buite.

Kerke is enersyds 'n geestelike werklikheid en andersyds 'n feilbare, sosiologiese, menslike werklikheid. As een van die instellings op aarde maak kerke foute en het kerke deurlopend teregwysing nodig uit eie geledere en van hul buitekerklike kringe.

Die selfkritiek en openbare kritiek wat kerke lewer, moet billik wees. Die kritiek op die kerk uit eie geledere en vanaf hulle buite die kerk moet eweneens aan die eis van billikheid voldoen. Billike kritiek bring dikwels pyn, maar dit bring veral genesing en vernuwing.

Kritiek beteken letterlik om te onderskei. Dit sien alle nuanse raak. Dit maak byvoorbeeld nie die uitspraak van 'n individu of groep of kommissie die uitspraak van 'n hele kerk nie. Billike kritiek waak teen oorvereenvoudiging en neem alle tersaaklike inligting in ag. Dit erken die voorveronderstellinge en vooroordele, die emosies van pyn en verwyt, van misleiding en vernedering, uitsluiting en verwerping, onreg en verdrukking, wat op onderbewuste vlak ons denke kan beïnvloed.

Billike kritiek beteken veral ook dat die reputasie en rekord van kerke nie summier teen hulle gehou word nie, maar dat tog gekyk word na die tekens van berou, verandering en vernuwing – dinge wat meermale nie die kalklig haal nie. Hierdie faktore moet veral ten opsigte van voormalige pro-apartheid-kerke, soos die NG Kerk, in ag geneem word.

Billike kritiek maak nuut. Onbillike kritiek maak tot niet. Billike kritiek bou. Onbillike kritiek knou. Billike kritiek heel. Onbillike kritiek verdeel. Billike kritiek genees. Onbillike kritiek wek vrees. Billike kritiek motiveer. Onbillike kritiek inhibeer. Billike kritiek bevry. Onbillike kritiek kasty. Billike kritiek gee moed. Onbillike kritiek breek moed. Billike kritiek bring geborgenheid en transformasie. Onbillike kritiek bring angs en weerstand.

'n Mens is dankbaar oor die eiland van billike kritiek in ons openbare gesprekke in Suid-Afrika teenoor individue, instansies en kerke, soos die NG Kerk. Ongelukkig is sommige, onder meer 'n kerk soos die NG Kerk, tegelyk ook blootgestel aan 'n see van onbillike kritiek. Dit kan dus dalk help om ons kriteria vir kritiek te hersien.

- Nico Koopman is die dekaan van die fakulteit teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

http://www.dieburger.com/Rubrieke/NicoKoopman/GODSDIENS-AKTUEEL-Wees-tog-billik-teenoor-die-NG-Kerk-20130306

Brood vir die Pad

Sagter houding oor 'n dood soos g'n ander

deur Wilhelm Jordaan

Prof. Lizette Rabe pleit dringend en oortuigend (By, 23 Februarie) dat die woord "selfmoord" en frases soos "het selfmoord gepleeg" in ons taalgebruik vermy moet word.

Sy vra 'n menswaardiger houding teenoor hulle wat hul eie lewe geneem het weens depressie. Sy reken 'n mens kan eerder sê iemand het aan selfdood gesterf. Deur dit te doen, gee jy erkenning daaraan dat 'n mens aan depressie kan sterf soos wat jy aan kanker sterf.

Sonder dat sy daarop uitbrei, reken Rabe konserwatiewe kerklike dogma is 'n belangrike struikelblok vir 'n ander manier van dink en praat en beriggewing oor selfdood.

Histories is dit waar dat godsdienste en kerke verdoemend oor selfdood was. Dit was 'n onvergeeflike sonde, want die selfdoder weier daarmee kwansuis God se geskenk van "verlossing". Die boodskap (soms subtiel, soms blatant) was: Selfdoders gaan hel toe. Die troostende Bybelse uitdrukking: "Dood, waar is jou angel?" is nie vir selfdoders bedoel nie.

Kerke se houding teenoor selfdood het oor die jare versag, maar soos Kay Jamison, psigiater en depressielyer, in haar omvattende studie (Night Falls Fast) skryf: "The harshness of centuries-old views of suicide still touches the present."

Die gevolg is dat kerke nie werklik in die openbaar die versagtende houding uitspreek nie.

'n Kennis vertel dat toe 'n predikant se kind aan selfdood gesterf het, wou nie een van sy kollegas die gedenkdiens waarneem nie.

Hy moes dit self doen. Nog een praat van 'n dominee se vreemde troos ná 'n geliefde se selfdood: "Niemand weet tog wat tussen God en die selfmoordenaar (sic) gebeur in die laaste oomblikke nie."

'n Sendeling vertel my van 'n seun wat hom op 'n Oos-Kaapse dorpie in 'n spel met 'n tou aan 'n boom opgehang het. Soos ander selfdoders is ook hy eenkant begrawe, want hy mag nie saam met "die regverdiges" (lees: gereddenes) opstaan nie.

Vandag nog is baie mense skaam as iemand in gesinsverband aan selfdood sterf. Dit word dikwels ontken of verswyg asof dit 'n doodsonde en 'n skande is en wat op "karaktergebreke" in die gesin dui.

Voortgaande godsdienstige stigmatisering, saam met ontkenning en swye, maak dat die verband tussen selfdood en depressie as 'n lewensbedreigende siekte nie werklik 'n bevrydende openbare diskoers word nie.

Ingeligtheid oor dié verband bevorder die insig dat selfdood 'n dood soos geen ander is nie en dat dié wat agterbly, gelaat word met 'n smart soos geen ander nie.

Ingeligtheid sal mense ook help om die vroeë tekens van die siekte te eien. Om beter te verstaan hoe 'n mens die kleur van donkerte en uitsigloosheid van binne beleef en oplaas oorweldig kan word deur die turbulensies van 'n brose, verbrokkelende gemoed.

http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Sagter-houding-oor-n-dood-soos-gn-ander-20130305

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877